Teler Fokus
Breeder Focus

Desember / December 2021

Agtergrond van die kudde Cronus:

Ek en my vrou Michelle boer saam in die Heilbron distrik in die Vrystaat. Ons het ons stoet in 2016 begin met 'n embrio program waar ons, ons kommersiële diere gebruik het as ontvangers.

Meeste van ons parings word met KI gedoen ons het sover vir die jaar van 2021 'n totaal van 15 verskillende bulle in ons stoet gebruik. Baie streng seleksie word in ons kudde toe gepas en slegs bulle wat ons self sal gebruik word terug gehou vir kliënte.

1. Hoe en waar het u met Limousins begin?

Ons het in 2014 vir n Buurvrou van ons n trop kommersiële, meestal Afrikaner koeie bestuur waar ons hulle met Limousin Bulle gekruis het, ons was baie tevrede met die resultate en die impak wat die Limousins op die kommersiële diere gemaak het, ons het meer navorsing oor die suiwer Limousin ras gedoen en daarop besluit om stelselmatig ons kommersiële diere oor te skakel na 'n Limousin Stoetery toe. 'n Stoet dier vreet immers dieselfde hoeveelheid kos as n kommersiële dier.

2. Hoe lank is u in die Limousin-bedryf?

Ons het in 2016 ons eerste Limousins by La Rhone aangekoop.

3. Kruis u die Limousins in, indien wel, met watter, en watter voordeel het die Limousin op hierdie kruisras?

Ons het hul vroeër jare gekruis met Afrikaners dit het die volgende verbeterings aan die kudde gebring:

- Kalwings gemak.
- Swaarder speen gewig.
- Beter aanvraag vanaf voerkrale (Beter R/kg).
- Kwaliteit van vervangings verse.
- Beter melk.
- Hoer vrugbaarheid (AFC & ICP)

4. Hoe word u rekords aangeteken en watter stelsel gebruik u tans?

Alle data rekords word daagliks aangeteken en word dan maandeliks na die Limousin Telers Genootskap gestuur waar dit dan op die BreedPlan Stelsel gelaai word.

5. Wat is u veld bestuurspraktyke?

Ons boer ekstensief met ons vee, ons weiding is in kampe op-gedeel waar ons die diere gereeld roeteer.

6. Word die diere suiwer gras gevoer of word aanvullende korrels gevoer?

Ons vee loop op natuurlike weiding, meestal rooigras. In die somer kry hul n Fosfaat lek en in die winter n Proteïen onderhoud lek. Groeiende diere, Bulle en Verse kry n Produksie Lek.

7. Watse Voordeel voel u het die Limousin oor ander rasse?

- Premies op speenkalf pryse
- Kwaliteit van vleis
- Uitslag persentasies
- Gehardheid
- Temperament
- Aanpasbaarheid.

8. Wanneer sit u die bul by die verse?

Ons sit die bulle by die verse op die ouderdom van 20 maande.

9. Waarna soek u, as u bulle of koeie koop?

Baie navorsing word in 'n dier gesit voor hy/sy aangekoop word, elke dier wat ons aankoop word gekoop vir n spesifieke doel, en daar is n plan met hom of haar teling.

Ons kyk veral na beproefde lyne.

By Cronus glo ons in kwaliteit bo kwantiteit.

10. Enige raad aan nuwe telers?

Teel Strukturele korrekte diere wat Aanpasbaar, Effektief en Produktief is waarmee Ekstensief geboer kan word wat vir ons Kommersiële Boere werk.